Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 13 Augustus 1952. Prys 3d. Nr. 37.

# EMPIRE MOET VERGOED VIR BRITSE TRAAGHEID

**Klagte oor die Britse arbeiders se onwilligheid om skouer aan die wiel te sit, word van verskillende kante in die Britse pers en vanaf die verhoog geopper in verband met Brittanje se geldelike krisis ten opsigte waarvan daar in November weer 'n Empire-konferensie van eerste ministers gehou sal word. Politieke leiers in Engeland beklemtoon dat Brittanje se redding grootliks afhang van die gewilligheid van sy arbeiders om meer goed vir geringer loon te lewer. Dit skyn egter nie of hierdie beroepe inslaan nie. Vandaar die noodsaaklikheid dat Britse politici moet terugval op Empire-konferensies en offers van die Statebandslande moet vra.**

In 'n onlangse hoofartikel wys die Londense Times op die feit dat die arbeidersprestasie van Amerikaanse werkers twee maal so hoog is as dié van Britse werkers. Vir hierdie toestand is minderdoelmatige werktuie in Britse nywerhede gedeeltelik verantwoordelik. Maar die belangrikste oorsaak is die onwilligheid van die Britse werker om hom na sy volle vermoë in te span. Hy agiteer voortdurend vir korter werkweke — tot so 'n mate dat skoolkinders in Wallis 'n tyd gelede na die voorbeeld van hul ouers gestaak het omdat hulle 'n vierdaagse skoolweek eis! Gepaard met korter werkure gaan eise om steeds hoër lone.

### KUNSMATIGE MARKTE

In sulke omstandighede kan Brittanje nie met ander lande soos Amerika en Duitsland meeding op die wêreldmark nie. **Hy moet dus kunsmatige markte vir sy produkte vind, en een van daardie kunsmatige afsetgebiede word deur middel van imperiale konferensies geskep waarby die dominiums ewe liefderyk onderneem om hul handel met ander lande in te kort en net vanuit Brittanje goedere in te voer, selfs al kos dit vyf-en-twintig persent meer as dié wat ander lande kan lewer.**

Vir sulke lakeie-dienste is die Empire-konferensie van Novembermaand weereens belê, in plaas dat daar liewer krisiskonferensies van die Britse volk self belê word waar die volk tot arbeidsdissipline opgewek kan word. Die waarheid moet op doeltreffender wyse aan die Britse verstand gebring word as wat sommige welmenendes dit op die oomblik doen.

### VERGELYKING

In 'n brief aan die Times skryf 'n parlementslid, Waldron Smithers, dat hy van 'n vriend uit Duitsland 'n voedselpakkie ontvang het. **Dit het hom die vraag laat stel waarom die ekonomiese toestand daar dan reeds skynbaar beter is as in Brittanje.** Smithers kom dan tot die gevolgtrekking dat „tensy ons bereid is om alle opofferings en pogings te doen wat nodig is om goedere uit te voer en dienste te lewer teen die mededingende pryse in die wêreld, sal ons 'n ekonomiese ramp in die gesig staar asook verhongering. Indien ons wil voortbestaan, moet daar 'n einde kom aan eise om loonsverhogings. Hulle is nòg vir die ontvanger nòg vir die land goed. Dit beteken eenvoudig dat meer en meer stukke papier gedruk word wat u nòg kan dra nòg kan eet . . . .

„Die probleem is nie 'n nuwe nie, want 2,000 jaar gelede het Paulus aan die Thessalonisense gesê: ‚Toe ons met u was het ons u gesê dat, indien enigeen onder u nie wil werk nie, sal hy ook nie eet nie.' ”

# LESER LOOF PRYS UIT VIR MEESTE ADVERTENSIES

**Die Suidwesters druk nog steeds hard aan die wiel van die O.B. Tesame met 'n brief waarin hy onder meer £10 insluit as donasie van homself en mnr. W. J. P. Alberts (£5 elk), bied „Suidwester" weer 'n biltongprys aan vir die volgende jaar. Hierdie keer geld dit advertensiewerwing. Die persoon wat van 1 Augustus 1952 tot 31 Julie 1953 die meeste advertensies vir die O.B.-blad werf, sal 10 pond biltong ontvang, skryf hy. Daar is ook 'n tweede prys van 5 pond biltong.**

Ons wil weereens ons hartlike dank uitspreek teenoor ons ywerige vriend in Suidwes wat vanaf daardie uithoek van ons land so woel in belang van ons volksideale. Mag sy ywer aansteeklik werk op diegene wat nader tuis is!

Aangesien 'n mens met advertensies nie net koppe kan tel, soos in die geval van intekenare nie, sal ons die prys moet baseer op die totale geldwaarde wat die advertensies verteenwoordig. 'n Persoon kan bv. vier geklassifiseerde advertensies werf wat nog nie 'n £1 opbring nie, terwyl een groter advertensie van 'n paar duim enkel of dubbelkolom 'n paar pond kan inbring. Verder sal daar ook rekening gehou moet word met herhalings. 'n Persoon wat 'n aantal kleinere plasings van een enkele adverteerder kry mag 'n groter geldelike bydrae lewer as een wat net een plasing van 'n groter advertensie verkry. **Ons sal die prys dus bereken volgens die totale opbrengs wat 'n persoon se werwing lewer.** Die persoon wat ons dus, sê maar, 'n kontrak besorg vir 50 plasings van een advertensie mag dus die prys wen teenoor iemand wat drie of vier verskillende advertensies besorg.

Nou, laat ons kyk wat ons lesers in verband met hierdie wedstryd kan doen. Besonderhede omtrent advertensietarief, ens., kan van die sekretaris van Voorslag verkry word.

Advertensies is die lewensbloed van enige koerant, en daar is baie boere en sake-ondernemings wat hul produkte of ware deur middel van ons blad bekend kan stel.

In sy brief skryf „Suidwester" dat hy Die O.B. steeds met groot genot lees. „Ek sien uit na die dag dat adv. Pirow se nuusbrief ook daarin opgeneem word, want hierdie twee blaaie is die pittigste koerante in ons land."

Ons dank ook aan „Suidwester" vir hierdie mooi pluimpie.

## MEER INTEKENARE ONTVANG

**Nog meer lesers het die afgelope week intekenare vir ons blad gestuur. Ons bly hulle dankbaar vir hul belangstellende ywer. Mnre. J. L. Crafford, Louisvale, G. Coetzee, Potchefstroom, F. J. Venter, Brakpan en S. J. du Plessis, Kenhardt, het elk een intekenaar vir 'n jaar gestuur, terwyl mnr. J. D. J. Kennedy, Upington, een vir ses maande en mev. W. M. van Rensburg, Victoria-Wes, twee vir drie maande gestuur het.**

# REORGANISASIE NIE ORAL DEURGEVOER

## Waarn. Leier oor Reg van Sitting

**Met die oog op die samestelling van die Grootraad en die daaropvolgende Laertrek wat op 22 en 23 Augustus eerskomende in Bloemfontein gehou sal word, het die waarnemende leier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith, die volgende verklaring vir publikasie uitgereik:**

**Die samestelling sal geskied ooreenkomstig die konstitusie soos gewysig deur die Grootraad en bekragtig deur die Laertrek in November 1950.**

Kommando's wat fungeer moet kommando-rade hê wat die kommandant aanwys; die kommandante in 'n generaalskap is die generaalsraad wat die generaal aanwys; en die generaals is die lede van die Gebiedsrade. Die gebiedsrade van gebiede C, D, E en F vorm die Noordelike Beheerraad en die gebiedsrade van Gebiede A en B vorm die Suidelike Beheerraad.

Die organisasie, soos hierbo uiteengesit, moes vier maande na die Grootraad en Laertrek van 1950 uitgevoer gewees het. **Omdat dit in die noordelike gebiede nie gebeur het nie, het ek die posisie in Omsendbrief 2/52 uiteengesit en gevolglik Bevel 1/52 uitgereik. Die datum in die bevel genoem waarop die reorganisasie voltooi moes gewees het en die nuwe offisierslyste Hoofkwartier moes bereik het, was 30 Junie. Ek het dit verleng na 31 Julie.**

### REG VAN SITTING

Offisiere wat volgens bogenoemde voorskrifte aangewys is, het reg van sitting op die Grootraad en op die Laertrek. Daarom word aan die offisiere wat die vereiste bewys vóór 31 Julie aan Hoofkwartier gelewer het van die volkome deurvoering en voltooiing van die reorganisasie, gegrond op die bestaan van kommando's met hul kommandorade, die nodige geloofsbriewe van die Grootraad en/of die Laertrek deur Hoofkwartier gestuur. **Slegs hierdie geloofsbriewe sal geldig wees en die reg tot sitting verleen.**

### WETTIGE VERGADERINGS

Ten einde 'n wettige saamgestelde en verteenwoordigende Grootraad en Laertrek van offisiere te kan hou, het ek op al die verantwoordelike offisiere 'n beroep gedoen, en die waarnemende Gebiedsleiers belas, na verduideliking van die onwettige en vervalle toestand van die organisasie in die Noordelike gebiede, om te reorganiseer kragtens die konstitusie deur die reeds vervalle eenhede en bestuursliggame te herstel en die nodige ampsdraers opnuut aangestel te kry. Die doel was die hou van die Grootraad en die Laertrek met die oog op die krisis in die Ossewabrandwag.

### NIE VOLDOEN NIE

Die verslae wat ontvang is, toon dat die noordelike gebiede (asook Gebied B) as geheel, met uitsondering van 'n paar gevalle, nie voldoen het aan die vereistes nie en dus as gebiedelike organisasie verval het—**danksy die verset en die georganiseerde veldtog teen Bevel 1/52 wat deur sommige verantwoordelike persone teen die nakoming van die konstitusie gevoer is. Slegs losstaande eenhede bestaan nou in die betrokke gebiede, sonder die vereiste gesagsliggame.**

### MOET TOESTAND OORWEEG

Die Grootraad as hoogste gesag en saamgestel uit die verteenwoordigers van die wettig georganiseerde eenhede, sal o.a. verslag deur die voorsitter en my moet oorweeg en vervolgens aan die Laertrek dit meedeel wat betref die toekomstige wyse van samestelling en wyse van bestaan van die Ossewabrandwag as organisasie na die pogings om dit op grond van die vereistes van sy konstitusie te herstel, hardnekkig bestry en verongeluk is deur verantwoordelike persone.



MNR. J. A. SMITH

**Die Amerikaanse ongevalle in die Koreaanse oorlog tel reeds 114,310 (20,000 dooies en 9,000 vermistes) en die van verlede week beloop 642. Intussen word nog steeds onderhandel oor 'n wapenstilstand.**

## O.B.-Dag Herdenk op Tiervlei

Die Tiervleise O.B.'s het verlede Vrydagaand die verjaardag van die Ossewabrandwag herdenk by die huis van mev. S. Harris, en 'n besonder aangename aand is deurgebring. Die opkoms was goed en die verkoop van koek en tee en ander geregte het die mooi bedrag van £10 10s. opgebring.

Die generaal, mnr. J. A. Strauss het die byeenkoms kortliks toegespreek en die vroue bedank vir hul pragtige gees en opoffering. Daarna het dr. D. du Plessis 'n filmvertoning gegee in verband met toestande in Amerika, wat die gehoor baie interessant en leersaam gevind het.

## S.A. se Belang

Suid-Afrika het groter behoefte aan binnelandse kapitaal as aan buitelandse geld, en hy behoort sy huis in orde te bring. Die devaluasie in September 1949 het die proses wat tans aan die gang is vertraag, het dr. H. M. de Kock, president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in 'n persoonderhoud gesê.

# INDIË GELUKKIG MET BONTE EMPIRE

**„Ons moet almal as aktiewe lede 'n volle aandeel neem aan hierdie groot Statebondsfamilie — wit, swart, bruin en geel, en probeer om 'n skeppende vennootskap te skep wat sterk genoeg is om alle storms te trotseer," het Apa Pant, Indiese hoë kommissaris in Oos-Afrika, by geleentheid van 'n onthaal in Nigerië gesê.**

Pant het gesê dat Indië aan die ideaal van die Britse Statebond glo, wat verskillende kulturele taal- en rassegroepe verenig en 'n ligstraal van hoop is in 'n wêreld wat met woede en haat belaai is. **Indië sien uit na die tyd dat die volkere van Wes-Afrika as aktiewe lede van die groot familie 'n volle aandeel sal neem.**

DIE O.B., WOENSDAG, 13 AUGUSTUS 1952

# PARTYPOLITIEK NADER SY ATOOMEEU

**„Die Nasionale Party het Suid-Afrika net betyds vir die blanke gered. V.P.-planne om 50 naturelle-volksraadslede saam met blankes in die volksraad te kry, het gereed gelê in die departement van naturellesake,"** het mnr. M. D. C. de Wet Nel, L.V. en lid van die sosio-ekonomiese kommissie vir naturelle-aangeleenthede, volgens berig in Die Transvaler op 'n partybyeenkoms gesê.

Die feit dat hierdie verslag in 'n verantwoordelike koerant onder driekolom-opskrif verskyn het, dui aan hoe laat dit al op die dag is. Dat 'n latere beriggie beduie het dat mnr. Nel eintlik 'n uitbreiding van die Naturelleraad in gedagte gehad het(!), verander niks aan die teken van die tyd nie. **Die lesende publiek was saam met die redaksie van Die Transvaler bereid om hierdie stelling as waar te aanvaar. Hulle was bereid om te glo dat die waarskuwings wat voorheen in Die O.B. uitgespreek is teen die bose spiraal van die partypolitiek nie net veraf dreunings is nie, maar dat ons ons reeds midde in die storm bevind.** As hierdie berig waar was, sou dit die belangrikste onthulling sedert die bewindsverandering gewees het, maar die publiek was daaroor blykbaar net so gelate as wat die wêreld is oor die vooruitsig op 'n atoomoorlog: **dit is reeds aanvaar as 'n onvermydelike deel van die werklikheid.**

Meermale het Die O.B. aangetoon hoe die partypolitiek weens sy aard groter aandag moet wy aan beveiliging van die politieke party as aan die welvaart van die land. Immers, die politieke party kan alleen iets tot die land se welvaart bydra indien hy 'n verkiesing wen, so nie verkeer hy „in die woestyn" waar hy hom met afbrekende en ondermynende bedrywigheid met die oog op stemmeversameling moet besig hou. Die gevolg is dat ministers van die staat ruim 80 persent van hul tyd moet bestee aan propaganda vir die party, sodat die werk in regstreekse belang van die land eintlik afhanklik is van die „spaar"-tyd van die minister.

**VERKIESING BELANGRIKSTE OORWINNING**

Maar selfs die regeringsmaatreëls wat getref word in die bestuur van die land, is in die eerste plaas gerig op beveiliging van die party se bewind. As die Verenigde Party aan bewind is, dan voer hy skemas in van grootskaalse Britse immigrasie waardeur „die goeies en die slegtes" so vinnig moontlik binnegesleep moet word met die oog op stemversterking vir die V.P. Sodra die Nasionale Party aan bewind kom, word immigrasie weer so ingekort dat dit 'n lydensgeskiedenis afgee om selfs maar stamverwante immigrante aanvaar te kry uit vrees dat hulle as stedelike werkers hul pad na die V.P.-kraal sal vind. **Wat die werklike opnemingsvermoë van arbeidsvereistes van die land is, is 'n oorweging wat ondergeskik is aan die gevolge wat die een of die ander immigrasiebeleid vir die party aan bewind mag hê.**

Dieselfde geld vir so iets soos onderwysbeleid. Dit gaan nie oor die toepassing van opvoedkundige beginsels in die eerste plaas nie, maar oor die vraag watter onderwysbeleid kan die grootste vrugte in 'n verkiesing afwerp—afsondering van taalgroepe of verbroedering.

**Wanneer ons die terrein van ons kleurverhoudings betree, word hierdie partypolitieke winsberekening nie net ongerieflik of skadelik nie, maar lewensgevaarlik.** Die V.P. kleef vas aan die stemreg vir nie-blankes omdat hulle in die verlede die steun van die meerderheid nie-blankes in verkiesingstye ontvang nie. Die Nasionale Party daarenteen spreek openlik van setels wat hulle kan wen indien hulle Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys afhaal. **Alles word 'n setelberekening, waarvoor allerlei mooi slagkrete van „blanke voortbestaan," „nywerheidsbehoeftes," „Christelike geregtigheid," ens. uitgehang word.**

**KLIP AAN ROL GESIT**

Solank dit by blote slagkrete en verdagmakery gebly het, was die gevaarlike gevolge nog verwyderd, maar die geskiedenis het al geleer dat die partypolitiek hom nie laat beperk nie, en toe die regering begin het om wetgewing in te dien wat die verskanste stemreg met 'n gewone partymeerderheid wou verander, het ons gewaarsku dat dit die begin van 'n bose spiraal is waarin die partye in dolle vaart mekaar sal opdryf in steeds groter onverantwoordelike manipulasie van die stemreg. **Ons het gewaarsku dat die regeringsparty in hierdie opsig 'n groot agterstand het deurdat hy maar net kan wegneem wat daar is — hoogstens ses of agt Kleurlingbelaaide V.P.-setels en drie naturelleverteenwoordigers in die volksraad, terwyl die teenparty miljoene nie-blanke stemme het om mee te speel.**

**Die publiek is wysgemaak dat die V.P. wou afsit met vyftig naturellesetels in die volksraad. Ná die korreksie in Die Transvaler weet ons dat dit nie waar is nie, maar die gebruikmaking van sulke propaganda dui aan dat die tydperk waarin partye mekaar beoorlog het met gemengde huweliksplakkate en foto's van teenstanders in gesprek met nie-blankes, verby is. Hulle het hulle nou gewend tot atoomwapens wat die uitkoms veel berekenbaarder maak: die manipulasie van setels. En in hierdie nuwe stryd beskik die nasionale politieke party nog net oor een bom: die verwydering van drie naturellesetels in die volksraad en—as die wet gehandhaaf word—vier Kleurlingsetels. Teenoor hom staan die V.P.—of enige ander opposisieparty—met 'n reserwe van etlike miljoene nie-blanke stemme.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**In sulke omstandighede kan ons sekerlik nie meer aan ons toekoms in terme van partypolitieke optrede dink nie, veral as ons daarby onthou dat die wesenseienskap van hierdie stelsel juis sy periodieke bewindsverandering is.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Politieke Balansstaat vir die O.B.*

Na aanleiding van die vergaderings van die Grootrade en die Uniale Laertrek wat op 22 en 23 Augustus, eerskomende, in Bloemfontein gehou sal word, skryf 'n leser, „Manus" ('n sakeman op 'n groot dorp in die Westelike Provinsie) soos volg aan my:

„Toe ek die aankondiging in Die O.B. lees van die aanstaande Grootraad en Laertrek het my gedagtes teruggeswerwe na die dae van die begin van die Ossewabrandwag en die daaropvolgende jare van stryd tot vandag toe. En die vraag het by my opgekom: Wat van die toekoms? Ek het myself afgevra: Mag die Ossewabrandwag — nou of ooit — verdwyn? En dan het die teenvraag onwillekeurig by my opgekom: Waarvoor was al die opofferinge van die verlede? Ek het toe 'n politieke balansstaat vir die Ossewabrandwag opgestel.

„Die Ossewabrandwag is gebore uit die Ossewa-Trek van 1938 ten einde 'n tuiste te bied aan alle Afrikaners om saam te trek na die eindbestemming van ons volk — 'n Republiek.

„Op bladsy 122 van Barlow se boek: **Almost in Confidence,** sê hy: ‚General Hertzog despised the Ossewa Brandwag.' Ek verskil met die skrywer. Die waarheid is dat in die laaste jare van sy lewe die Ossewabrandwag nog al was waarin genl. Hertzog die redding van sy en ons ideale gesien het.

### *Verkleinering is Tipies*

„Maar die verkleinering van die Ossewabrandwag is tipies van die houding wat die beweging van baie seksies moes verduur — doodswyg, doodskinder en wanvoorstelling is die lot wat baie vir die O.B. toebedeel het. Maar in weerwil van dit alles was daar diegene wat met hul koppe fier in die lug voortgebou het op die enigste ideaal wat daar vir ons volk oorbly en wat die enigste stryd voortgesit het wat die moeite werd is om te stry. Vir hierdie manne en vroue sal die nageslag hul hoede afhaal!

„En diegene wat in die stryd uitgesak het? Wat hul ideaal vir die Goue Kalf van die partypolitiek verruil het? Vir wie 'n posisie in die stads- of afdelings- of skool- of provinsiale of Volksraad meer werd was as die toekoms van hul land en hul volk — wat sal die nageslag van hulle sê?

### *Steun vir die Herrysenis*

„Ek hoor al die stem van so vele sê: Nooit mag die Ossewabrandwag ondergaan nie! Maar tog sien ek 'n groot en wesentlike gevaar dat dit kan gebeur tensy daar 'n nuwe ontwaking kom en tensy lede en ondersteuners by die duisende hul bydraes stort om die nuwe leiers van die herrysenis te rugsteun. Ons kan nie verwag dat die waarnemende leier, mnr. J. A. Smith, die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, ons eie Kaaplandse leier, dr. Fransie van Zyl en die ander onderleiers en organiseerders alleen al die werk moet doen en boonop nog alleen die finansiële mas moes opkry nie. Nee, daar moet hulp in een of ander vorm verleen word. En daar moet aanknopingspunte gevind word by ander enersdenkende republikeine.

„Dit sal dade kos, en nie net woorde nie, om ons ideale te red!

„Ons moet waak teen 'n baie groot skande wat die Afrikaner kan oorkom. Dit is, dat die blankbewuste Engelssprekendes in ons land die Republiek mag vra en dat hulle dan mag vind dat baie Afrikaners koud daaroor geword het.

### *Die Tragedie van die O.B.*

„Ek wil reguit praat. Die tragedie van die Ossewabrandwag is: ‚Ek bedank as offisier, maar ek sal 'n O.B.-lid sterwe.'

‚Ek behou my pos as offisier, maar ek doen niks nie en ek maak my brandwagte ook dood.' ‚Ek is en bly 'n getroue lid van die O.B. maar ek gaan nooit na vergaderings toe nie, al gee my offisiere my ook kennis daarvan en bowendien maak ek my glad nie moeg om 'n bydrae te stort nie.' Hoe moet ons leiers nou die Ossewabrandwag bou met sulke lede?

„Ek is oortuig dat daar net een manier is om die Ossewabrandwag, en belangrikste van alles — ons ideale, te red en dit is om in samewerking met ander, wat soos ons dink, Republikeinse kandidate te stel by verkiesingsgeleenthede. Op die manier sal ons stadigaan deur oortuigingswerk en aksie nuwe lede en mag verower. Dit sal die redding wees van die Ossewabrandwag — die enigste instrument wat die volk het om 'n suiwer partylose Republiek daar te stel.

„Laat ons die stryd aandurf, want stryd is lewe. Laat ons die offers bring wat die stryd verg, want die oorwinning is die offers werd."

My geagte leser het klaarblyklik sy hart uitgepraat. En ek dink dit het nie alleen vir hom nie, maar vir ons almal goed gedoen.

### *Reseppie vir Geesdrif uit V.S.A.*

In die Verenigde State van Amerika, wat spreekwoordelik geword het vir eienaardighede, het die politici blykbaar baie oorspronklike reseppies om volgelinge gretig en geesdriftig te maak. Tydens die onlangse benoeming van die Demokratiese Party se kandidaat vir die presidentsverkiesing het kandidaat Adlai Stevenson waarskynlik van so 'n reseppie gebruik gemaak. Hy het naamlik hardnekkig geweier om hom te laat benoem. Terwyl ander kandidate alles in hulle vermoë gedoen het om benoem te word, het hy alles in sy vermoë gedoen om nie benoem te word nie.

Indien sy houding berekend was, dan is hy 'n oulike kenner van sy landgenote of partygenote. Want dit blyk dat sy partygenote gretiger en geesdriftiger geword het om hom as kandidaat te benoem namate hy volhard het in sy onwilligheid om die party se kandidaat te wees. Die end van die storie was dat hy met 'n oorweldigende meerderheid benoem is, terwyl sy partygenote gelukkig is omdat hulle na 'n taai stryd tog Stevenson se onwilligheid oorwin het!

### *Herwinning van Vertroue*

Maar volgens berigte uit Amerika het Stevenson meer bereik as net die benoeming. Hy het ook die moraal van die Demokratiese Party gered en aan die Party vertroue gegee in die verkiesingstryd wat voorlê. Dit blyk dat die benoeming van Dwight Eisenhower as kandidaat van die Republikeinse Party 'n vlaag van neerslagtigheid onder die Demokrate laat posvat het. Die gedagte het ontstaan dat die Demokratiese Party nie 'n kandidaat kan oplewer wat in staat is om Eisenhower te verslaan nie.

Toe Stevenson weier om hul kandidaat te word het die Demokrate so gretig geword om hom te kry dat hulle hulle self wysgemaak het dat hy, so by hul siele, vir Eisenhower gaan verslaan in die verkiesing. En met Stevenson se benoeming het daar ook 'n hele geestesverandering in die Demokratiese Party plaasgevind.

Die hele verandering was maar net die heraanvaarding van geloof en die herwinning van vertroue in hul Party.

Is die herrysenis van die Ossewabrandwag waarvan my leser praat ook nie maar net die heraanvaarding van die geloof en die herwinning van die vertroue, deur sy lede, in die vermoë van die Ossewabrandwag om die draer van hul ideale te wees nie?

## Vergoeding vir Jode

Die Jode, wat sedert die einde van die oorlog aangedring het dat Wes-Duitsland skadevergoeding moet betaal vir die behandeling wat Jode onder die Hitler-bewind verduur het, het na langdurige onderhandeling nou 'n aanbod van £255,357,000 in goedere van die Wes-Duitse regering aanvaar.

**FONDSDAG-INSAMELING**

Die WELLINGTON-KOMMANDO hou sy JAARLIKSE

**BRAAIVLEISFUNKSIE**

op VRYDAG, 15 AUGUSTUS, vanaf 7 nm. op die plaas HOUTBAAI, van Komdt. C. P. J. du Toit.

**Spreker: EERW. J. M. N. BREEDT.**

Lede van omliggende Kommando's word weer hartlik uitgenooi net soos in die verlede.

Gee asseblief vooraf kennis dat u kom aan die kommandant (Foon 6811, Wellington).

O.B.-lede, kom seker en bring julle Republikeinse Vriende saam! Dankie.

# PRAKTIESE OPTREDE IS NOU NODIG

**Mnr. P. J. du Toit, Grootdam, Wepener, skryf:**

Wat baat 'n gedurige gepraat, planne beraam, vergaderings en so meer as dit net daar bly en nooit tot praktiese aksie kom nie? Met die oog op die Grootraad en Laertrek wat hierdie maand gehou staan te word, wil ek 'n paar opmerkings maak. In u hoofartikel van 2 Julie verduidelik u waarom O.B.-lede politieke partye nie kan steun nie. Kan u ons dan sê op hoe 'n wyse u meen om 'n republiek te kry onder die bestaande stelsel, en of dit tog wel op een of ander tyd deur stemme kan geskied? (Ons moet onderskei tussen stem vir 'n republiek en stem vir 'n politieke party wat net Haar Majesteit se regering wil word.—RED.)

Indien dit tog wel langs die weg moet geskied, soos afgelei kan word uit u hoofartikel van 9 Julie, waar u melding maak van bondgenootskapsluiting met enersdenkendes, dink u nie dat ons daadwerklik moet oorgaan tot die stigting van 'n Republikeinse Bond nie? Deur so 'n stap kan die republiek die gouste verkry word. So sal ons onmiddellik in aksie kom en die land deurkruis. Niemand moet oorgeslaan word nie, of hy Nat, Sap of Engelsman is. Hy moet die geleentheid kry om die konstitusie persoonlik deur te lees, wat op goeie papier gedruk is en so min sinne as moontlik bevat, met 'n naamlys onderaan waar elke persoon wat wil aansluit, sy naam kan teken as bewys van lidmaatskap.

Wanneer die land so gefynkam is, kom alle verantwoordelike persone op 'n bepaalde plek en datum bymekaar om te sien hoeveel lede die volk opgelewer het en of dit die moeite werd sal wees om voort te gaan met die stigting van 'n Republikeinse Bond. Ons glo dat die bestaande partye nooit die partypolitieke stelsel sal verander en nog minder 'n republiek sal verkry. Vandaar die noodsaaklikheid van 'n Bond wat hoegenaam nie sal beteken die bymekaar maak van stemme vir die een of ander bestaande party nie, dog uitsluitend die stemkrag sal wees vir die republiek en sy beginsels. Indien die U.R. van die O.B. enige ander plan het, wil ons dit graag weet, want vanaf die O.B. se ontstaan bly hy nog steeds op 'n pad wat vir hom moeilik gemaak word deur broers van die partypolitiek, en sonder hulle kan hy nooit sy ideaal bereik nie. Die O.B. is in so 'n lig gestel dat dit miskien ook beter sal wees as ons sy naam oorboord gooi en rondborstig die naam Republikeinse Bond aanvaar. So sal ons van krag tot krag kan voortmarsjeer. Ten slotte wil ek net opmerk dat baie O.B.'s dink soos mnr. Marais. Gesonde en opbouende kritiek moet ons leuse wees, anders dien dit nie die saak nie, en verloor ons stukrag.

# TERRITORIALE APARTHEID IS ONS EIS

**Mnr. Fred Hattingh, Ysterplaat, skryf:**

Na aanleiding van die brosjure deur SABRA uitgereik en in u uitgawe van 30 Julie jongslede bespreek, wens ek ook om 'n paar gedagtes oor die onderwerp van apartheid aan u lesers voor te lê. Nie om ook maar 'n stuiwer in die armbeurs te gooi nie, maar omdat ek seker die eerste persoon is wat in die Unie in die openbaar oor apartheid uitgewei het. Dit het ek by geleentheid van een van my skynparlemente in 1929 gedoen. Die verrigtinge waarvan in Die Burger onder die opskrif „Skynparlement In Die Karoo" verskyn het. Ek het 'n „wetsontwerp" opgestel en ingedien wat die Unie in drie afsonderlike gebiede verdeel en die naturelle na verhouding van getalsterkte hul eie gebiede gee. Dis dan ook die enigste vorm van apartheid wat 'n denkende persoon kan aanvaar. Hierdie soort apartheid wat ons vandag beoefen, is niks anders as politieke sinsbedrog nie, en maak ons belaglik in die oë van die wêreld. Wyle genl. Hertzog het destyds toe hy met sy naturellewetgewing besig was, uitdruklik gesê dat die Kleurling as deel van die blanke bevolking opgeneem moet word en dat daar nie aan sy stemreg gepeuter sal word nie. Maar ons moet sonder die arbeid van die naturel klaar kom en hom heeltemal tussen die blankes uitstoot en aan homself oorlaat. Hierdie soort apartheid, wat ons groot stede met naturelle-dorpies omring, skep 'n gevaar waarvoor ons baie duur sal betaal, en wat beteken dit? Die staat kan met eensydige wetgewing nieblankes dwing om by 'n openbare gebou in 'n aparte tou langs die blankes te staan in plaas van agter of voor hom, maar in die sake-wêreld skuur ons tog maar teen die naturel en hy teen ons. Nee wat, dis te belaglik vir iemand wat vir hom of haarself kan dink. Laat

## Soos Ons Lesers Dit Sien

ons die opoffering doen en territoriale apartheid vir die naturel daarstel in belang van die geslagte wat kom en nie ons tyd verkwis met stemvangery nie. Maar dit sal ons nooit reg kry so lank ons 'n partypolitieke stelsel in die land het nie. Daarom sê ek: Kom, blank Suid-Afrika, laat ons ophou om onder mekaar te twis oor die bewind wat tog maar oor 'n paar jaar weer in ander hande oorgaan, en 'n republiek uitroep waarin daar geen partystelsel is nie. Maar waarin ons die beste breinkrag van ons land agter die stuurwiel kan inskuif om die toekoms van 'n blanke beskawing te bepaal.

# BEGINSEL VAN PARTYSTELSEL

Na aanleiding van 'n brief aan die pers wat ook in Die O.B. aangehaal is, skryf mnr. F. Henning, Johannesburg, dat hy 'n verdere verduideliking wil gee van sy stelling aangaande die partypolitiek:

„Sodra iemand aanneem dat hy reg handel deur een party te steun, steun hy vanselfspre-

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

kend die beginsel van die partystelsel . . ." Dit mag 'n verkeerde indruk skep. Wat ek wou beklemtoon, is dat sodra iemand 'n party dien uitsluitend terwille van partybelange en terwille van die instandhouding van die partypolitiek, hy die beginsel van die partystelsel steun. Sommiges stel tog immers die volk bo 'n party, maar hoe kan hulle 'n volk dien op 'n terrein waar die volk nie is nie? 'n Leier **lei** 'n volk uit die moeras. Hy staan nie daar eenkant en **roep** hulle daaruit nie.

# £8 Milj. se Grond van Tsetsevlieg Verower

**Die departement van landbou se vierjarige lugaanval op die tsetsevlieg in Noord-Zoeloeland nader nou 'n geslaagde einde. Bos-vlieëniers wat die gebied met insekbestrydingsmiddels bestook, het reeds 7,000 vierkante myl bevry van die tsetseplaag, en driekwart van hierdie gebied is nou geskik vir beesboerdery.**

In terme van nasionale rykdom gesproke, beteken dit dat die onderneming 1,587,535 morge ryk beeswêreld ter waarde van sowat £8,000,000 aan Suid-Afrika besorg het.

Teen 'n koste van minder as £2,000,000 het die onderneming 'n wins van £6,000,000 afgewerp — wat gelykstaan aan 'n jaarlikse wins van £1,500,000.

So geslaag was die onderneming dat dit vandag feitlik onmoontlik is om 'n lewendige tsetsevlieg aan te tref in die gebied wat vier jaar gelede met die gevreesde beessiekte, nagana, besmet was.

### UNIEKE PRESTASIE

Afgesien van gelokaliseerde gevalle wat nog uitgeroei moet word, is daar nie meer veel om te doen nie. Die private lugdiensmaatskappy wat die taak van die Suid-Afrikaanse Lugmag op hul skouers geneem het na die uitbreek van die Koreaanse Oorlog, verwag om die taak voor volgende somer af te handel.

Hierdie prestasie, wat in werklikheid die uitwissing van 'n inheemse insekteplaag beteken, blink uit as een van die sonderlingste in sy soort in die wêreld.

# Vraagstuk Word Afgerol Op Nageslag

**Twee V.P.-manne het verlede week die party se naturellebeleid aangestip. In Natal het mnr. Douglas Mitchell, provinsiale leier, gesê dat die V.P. in maatskaplike en woonbuurte-skeiding glo, „maar die swartman moet sy rol in die nywerheid speel."**

**Mnr. Abraham Jonker, L.V. vir Tuine, het die beleid as volg geformuleer op grond van 'n beleidsverklaring van genl. Smuts in 1947 voor sy partykongres in Kaapstad:**

„Politieke differensiasie tussen blankes en Kleurlinge aan die een en naturelle aan die ander kant; gewone stemreg vir die eersgenoemde groep en gesamentlike verteenwoordiging vir die naturelle.

„Woonbuurtskeiding in die stede en dorpe op 'n grondslag van raadpleging en samewerking.

„Volkome maatskaplike skeiding.

**„Nywerheidsintegrasie, met wat bekend is as die kleurslagboom, sodat naturelle nie die base van die blankes in dieselfde fabriek sal wees nie."**

### RHODESIËR SE SIENSWYSE

Naas hierdie uitspraak van Verenigde Party-kant in die Unie, het daar ook 'n eienaardige dog openhartige beleidstelling uit die mond van die Suid-Rhodesiese eerste minister, sir Godfrey Huggins op sy partykongres gekom. Huggins het gesê dat om die naturelle op 'n afsonderlike kieserslys te plaas, miskien in Amerika en Engeland verkeerd verstaan sal word. Sowel die naturel as die blanke moet volgens sy bekwaamheid deel aan die regering hê. Dit is egter misleidend om te beweer dat dit tot 'n swart parlement sal lei. **„Dit sal lank duur voordat daar genoeg stemgeregtigde naturelle sal wees om hulle 'n meerderheid in die parlement te gee — selfs al word aangeneem dat die stemvereistes dieselfde bly en dat die naturelle almal op kleurgronde stem. As daar 'n naturelle-nasionalisme ontstaan sodat hulle net vir een seksie stem, kan die stelsel verander word na gemeenskaplike verteenwoordiging soos in Noord-Rhodesië."** Aldus Huggins.

### ONEERLIK

Oneerlikheid teenoor die naturel en onverskilligheid teenoor die nageslag is die gemeenskaplike kenmerk van hierdie beleidsverklarings. Huggins wil die naturel — en die buiteland — onder die indruk bring dat hy gelyke politieke regte geniet, maar hy suggereer dat indien die naturelle te magtig word— en dus die vrugte van hul regte kan pluk — hul stemkwalifikasies gewysig moet word deur hul verteenwoordiging òf in te kort òf hulle op afsonderlike kieserslyste te plaas. **Hy dink egter nie daaraan dat as hy dit vandag te moeilik vind om daardie skeiding in te voer, dit vir sy nakomelinge veel swaarder moet wees om die gevestigde regte af te skaf nie. Die vraagstuk wentel hy eenvoudig af op die skouers van die nageslag sonder die minste oorweging te skenk aan die omvang van die probleem teen daardie tyd.**

### UITBUITING

Die Verenigde Party van die Unie is, volgens dr. Jonker se stellings, 'n bietjie eerliker sover dit die politiek betref. Hy erken reeds die beginsel van gesamentlike verteenwoordiging, **maar onder die skyn van ekonomiese regte beoog hy die ewigdurende uitbuiting van die naturel as arbeider.** 'n Kleurslagboom moet verhoed dat hy die baas van blankes in 'n fabriek word.

**In albei gevalle word die nageslag opgesaal met die onmoontlike. Want nòg die naturel se politieke nòg sy ekonomiese aspirasies kan op die duur bevredig word binne die hoepels van kunsmatig ingekorte regte, en dit sal die nageslag wees wat uiteindelik oorstroom gaan word wanneer daardie hoepels padgee.**


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### DOODBERIG

NEL. — Ons betreur die heengaan van tant Annie Nel, getroue veldkte. en liewe vriendin. Namens die O.B.-vroue van Wesselsbron.— H. Prinsloo, Port Allen. 13/1/B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49





# EMPIRE MOET BRITTANJE POLITIEKE STATUS GEE EN EKONOMIES DRA

**Ten spyte van die statuswysigings wat daar binne Brittanje se Empire in die afgelope halfeeu plaasgevind het, dien dit nog presies dieselfde doel as waarvoor Brittanje bloedige onderwerpingsoorloë gevoer het. Hierdie stelling is dikwels in Die O.B. herhaal. Dit word ondersteun deur Die Transvaler in 'n buitelandse oorsig. Die blad skryf onder meer as volg oor die strewe van Brittanje om sy ryk te handhaaf desnoods in nuwe gedaante:**

**Dit het al byna 'n gemeenplaas geword om te sê dat Brittanje sonder sy Ryk nie kan bestaan nie. In politieke sin is dit volkome waar. Sonder die Ryk sou Brittanje vandag 'n moondheid van die derde rang gewees het. In ekonomiese sin is dit net so waar. Die verwerwing van oorsese besit was eintlik 'n natuurlike behoefte vir 'n volk wat op sy eie bodem nie meer 'n behoorlike bestaan kon vind nie. Oral in die wêreld moes gebiede onder die Britse vlag gebring word ten einde Brittanje van die nodige grondstowwe en voedsel te voorsien en 'n versekerde afsetgebied vir sy handelsware te besorg.**

Dit was nie blote toeval dat Brittanje hom, nadat hy 'n industriële land geword het, so sterk op die vergroting van sy Ryk toegelê het nie. Welke intieme samehang daar tussen die Britse kapitalisme, soos in die handel en industrieë verteenwoordig, en die uitbreiding van die Britse gesag bestaan het, is nog op besonder interessante wyse aan die begin van hierdie eeu deur J. A. Hobson in sy werk „Imperialism" uiteengesit. Brittanje kon sy bevolking alleen van die nodige voorsien en 'n hoë lewenstandaard handhaaf indien hy met 'n sterk imperialistiese drang besiel was. So het die huidige Britse Ryk ontstaan.

### SELFBEHOUD

Kans om die Ryk te vergroot, is daar vandag nie meer nie. **Vir sy politieke en ekonomiese welsyn is Brittanje vandag egter nog net so afhanklik van die Ryk as ooit tevore. Dit is vir Brittanje dus 'n saak van selfbehoud om die bande met die oorsese geweste nie te laat verslap nie. Begin die Ryk te verbrokkel, is die lot van Brittanje daardeur ook beseël.** Die Ryk kan egter alleen as 'n eenheid behou word indien dit voortdurend by die veranderde wêreldomstandighede aangepas word. **Ten opsigte hiervan het die Britse staatsmanne in die verlede nog steeds op uitmuntende wyse geslaag. Dit moet dus vir hulle 'n bron van voldoening wees dat Indië, nadat hy op 15 Augustus 1947 selfbestuur verkry het, en nadat hy op 26 Januarie 1950 'n republiek geword het, nog geen blyke gee van enige aanstalte om hom aan die Ryk te onttrek nie.**

### AANGEMOEDIG

Dit is die sukses wat met Indië behaal is wat die Britte aangemoedig het om in Afrika soortgelyke proefnemings te doen. Die strewe is om soveel moontlik aan die ontwaakte nasionale bewussyn van so baie van die nie-blanke volke en rasse voldoening te skenk, **maar om terselfdertyd die ekonomiese bande nie te laat verslap nie.** Op hierdie manier, so word gehoop, kan die eenheid van die Ryk gehandhaaf bly. Hoe in Britse politieke kringe oor hierdie saak gedink word, word op heel interessante wyse weerspieël in die uitgawe van The Observer van 22 Junie jl. Die blad skryf: „Ons het die moontlikheid om Europese, Asiatiese en Afrikaanse vrye state saam te stel in 'n enkele politieke raamwerk. **Dit — en miskien alleen dit—kan ons politieke toekoms in die komende eeu skep.** Indien ons hierin faal, mag ons tot betekenisloosheid daal en verlaat word deur die vernaamste nie-blanke state van die Statebond wat reeds hul onafhanklikheid het of wat dit spoedig sal verkry." Die blad spreek dit voorts as sy mening uit: „Die behoefte om die belange van die Westerse wêreld met die aspirasies van die nie-blanke volke te versoen, het een van die noodsaaklikste take van die Westerse staatsmanskap geword."

### POLITIEKE VRYHEID

Die huidige verwikkelinge in Asië en Afrika wat deur agtereenvolgende Britse regerings aangemoedig is, **word dus in die eerste plaas gedoen met die oog op die posisie en die toekoms van Brittanje self.** Naas die militêre veiligheid van sy land teenoor die moontlike aanslag van 'n Europese moondheid bly die voortbestaan van die Ryk vir elke Brit die vernaamste beginsel van sy politiek. So was dit in die verlede en so is dit vandag nog. Die imperialistiese fase wat op verowering berus het, is egter tans afgelope en daarom moet die houding van Brittanje teenoor die oorsese gebiede ook na die nuwe omstandighede aangepas word. Nou is dit die tydperk dat aan hierdie gebiede soveel politieke vryheid moontlik geskenk moet word in die hoop dat die eenheid van die Ryk daardeur bewaar sal kan word.

---

## Skotte Stig Nuwe Vryheidsbeweging

'n Nuwe vryheidsbeweging wat die beëindiging van Britse oorheersing beoog, het tot stand gekom onder die naam „Hundred Men." Die naam is afkomstig van 'n verklaring van Arbroath in die jaar 1320: „Solank daar honderd van ons lewendig is, sal ons in geen opsig toegee aan Britse oorheersing nie."

Die beweging is van mening dat die mislukking van die kommissie oor Skotland se groter onafhanklikheid getoon het dat Skotland nie sy vryheid deur middel van die politiek sal kry nie. Nòg die huidige nòg die vorige regering het enige steun gegee vir 'n afsonderlike Skotse parlement.

---

## „Plattelanders Beter Ingelig as Stedelinge"

Plattelanders is oor die algemeen beter ingelig en beskik oor 'n groter algemene kennis as stedelinge. Hierdie stelling van 'n nuwe Afrikaanse studenteblad in Kaapstad, Die Afrikaner-Ikey, word onderskryf deur 'n rubriekskrywer van die Cape Times, wat verklaar dat van sy beste briewe uit die platteland afkomstig is. „Die meerderheid briewe met goedingeligte kommentaar oor alledaagse onderwerpe is van die plattelandse distrikte afkomstig," skryf hy en noem as rede dat plattelanders meer tyd het om te lees en te peins. Stedelinge is gewoonlik net opskriflesers en het te veel ander afleiding.

---

## HET NOG AGTING VIR HUL LIGGAME

Maleiermeisies in Kaapland het geweier om in badkostuums aan 'n skoonheidswedstryd deel te neem omdat hulle dit beskou as strydig met hul geloof en sedes dat 'n meisie half-nakend voor 'n klomp mans haar ten toon stel. 'n Maleiermeisie beskou dit as 'n vernedering dat 'n man haar liggaam openlik staan en bewonder en skoonheidswedstryde word oor die algemeen as teen hul godsdiens en sedelike opvattings beskou, het 'n vooraanstaande Maleier gesê.

---

## BOSBOK KRUIS MET BOERBOKKE

Basters tussen bosbokke en boerbokke is voortgebring op die plaas van mnr. Martiens van Wyk, van Fort Brown.

Mnr. Van Wyk het 'n jong bosbokram by sy trop boerbokke aangehou, en hy het met hulle gepaar, sodat hy nou 'n hele troppie basterbosbokkies op sy plaas het. Die kroos lyk meer na bosbokke, maar het die aard van 'n boerbok. Die vleis het 'n lekker geur.


**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Amptelike Uitleg oor „Pierings' nie Bevredigend

**Die vermoede dat vlieënde pierings in verband staan met proefnemings van die Amerikaanse lugmag, aangesien dit gewoonlik in die nabyheid van die lugmag se gebied opgemerk word, is deur Amerikaanse wetenskaplikes uitgespreek.** Hulle wys ook met 'n skeptiese vinger na die feit dat ondanks veronderstelde waaksaamheid en radar-waarskuwings nog geen vliegtuig in kontak met die lugverskynsels gekom het nie. Daar was soms 'n baie lang vertraging voordat vliegtuie opgestuur is.

Amptenare van die lugmag het die vermoede weerspreek met 'n ontkenning dat dit verband het met proefnemings, maar daaraan toegevoeg: „Ons kan nie dit buite rekening laat dat hulle besoeke van 'n vreemde land of 'n planeet is nie. Ons is egter geneig om te glo dat hulle natuurverskynsels is waarvan ons nog nie genoeg kennis het om hul identiteit vas te stel nie. In elk geval is daar niks in hulle wat aandui dat hulle 'n bedreiging is nie."

**Die New York Times verklaar dat die lugmag met beter verklarings sal moet kom, so nie sal mense wat nie tussen spekulasie en wetenskaplike redenering kan onderskei nie gesterk word in hul geloof aan besoeke vanaf hemelliggame.**

---

## Sterk Stasie by Bloemfontein vir Uitsaai

Die Beheerraad van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het besluit om 'n geweldige sterk uitsaaistasie ongeveer tien myl van Bloemfontein af op te rig.

Die oogmerk is om die uitsaaidiens grootliks op te knap en bevredigende ontvangs dwarsdeur die land te probeer verseker.

Die geraamde koste van die nuwe seinstasie sal ongeveer £300,000 beloop. Die seinstasie sal, na verneem word, die Paradys-seinstasie genoem word, na die oorspronklike naam van die plaas waarop dit opgerig sal word.

Na verklaring sal dit baie beter diens en bevredigende ontvangs verseker, nie net vir die dorpe en stede nie, maar ook vir die uithoeke van die platteland.

Die seinstasie sal uit vyftien senders bestaan; drie sal mediumsenders wees wat die Vrystaat sal bedien, en twaalf sal kortgolfsenders wees om die Unie en ook oorsee te bedien.

---

## Koerant Beboet: Minagting vir Hof

Die Volksblad, spreekbuis van die Nasionale Party in die Vrystaat, is deur die Hooggeregshof met £300 beboet op aanklag van minagting van die hof.

Die saak spruit uit 'n brief wat die blad gepubliseer het kort na die uitspraak van die Appèlhof in verband met die wet op Kleurlingstemreg, en waarin meegedeel word wat 'n naturel sou gesê het na aanleiding van die hofbevinding. Hy sou onder meer gevra het of ons howe geregshowe of ongeregshowe is en daaraan toegevoeg het: „Watter agting moet ek vir 'n hof hê wat vandag so sê en môre sus?"

---

## Staat lê Beslag op Koninklike Eiendom

Die Egiptiese regering het oud-koning Faroek se rykdomme onder bewaring van die staat geplaas tot tyd en wyl verdere ondersoek daarna ingestel kan word. Na beweer word besit Faroek 100,000 morge grond in Egipte terwyl hy £20 miljoen het waarvan die meeste in Switserland en Amerika belê is.

---

**Die derde Vrystaatse goudmyn** sal binne kort die produksiestadium bereik. Na verwagting sal die meeste Vrystaatse myne teen die einde van aanstaande jaar produseer.

In Julie het die waarde van die Unie se maandelikse goudopbrengs met £478,000 tot £12,600,000 toegeneem.


**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

**O.B. JAARGANGE**

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

*VOORRAAD BAIE BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad